

**Dinsdag 18 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 29:10-19**

**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 29:18**

### **Wys jou dankbaarheid met jou bydrae**

1 Kronieke 29:10-19 is 'n dankgebed wat Dawid gebid het nadat die volk bydraes gebring het vir die bou van die tempel (wat Salomo later gebou het). Vroeër het Dawid die verbondsark na Jerusalem toe laat bring, en hy het vir Asaf en sy ampsgenote 'n lofpsalm laat sing (vgl. 2 Kron. 16:7-36). Nou, in 1 Kronieke 29, bid Dawid en hy loof en dank God vir die bydraes wat die volk gebring het vir die bou van die tempel waarin die verbondsark later gaan staan.

In sy dankgebed prys Dawid die grootheid van God. Alle mag, heerlikheid, roem en majesteit in die hemel en op die aarde behoort aan Hom. Alles in die hemel en op die aarde is sy eiendom. Al die gawes (goud, silwer, brons, yster, hout en edelstene) wat die volk met entoesiasme gegee het, was eintlik God s'n. Selfs 'n mens se tyd op aarde is 'n gawe van God.

Die volk het dus maar net gegee van dit wat hulle by God gekry het. Hierdie is 'n baie belangrike beginsel vir die gee van ons bydraes vir die kerk van die Here. Watter deel (nie bedrag nie, maar persentasie) van die inkomste wat die Here vir jou gee, gee jy vir sy kerk? Wys dit jou dankbaarheid vir die manier waarop God vir jou sorg?

Die gesindheid waarmee ons ons bydraes gee, is belangrik. Die volk het hulle bydraes met opregtheid gegee. Dawid bid dat die volk altyd met opregte liefde vir die Here sal leef en hulle bydraes sal gee. Bid vandag dat jy, en die gemeente waarvan jy deel is, ook met hierdie gesindheid sal leef en dankoffers gee. Uit dankbaarheid vir God se genade en liefde vir ons in Christus.

*Sing: Psalm 96:1, 6 (1936)*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)*